Tema: Die Here kom regtig gou en die Nagmaal bevestig dit! Wag getrou op Hom en werk ywerig om sy koms te bespoedig.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 213: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 116-1: 1, 10

Votum: [12]Jesus sê toe weer: “Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. [13]Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

Seën
Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, [5]en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.
Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos

Loflied Sb 1-2: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis: dele uit NGB artikel 37

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Kol. 3: 1 – 11
Sing Sb 10-1
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 2 Petrus 3; Teks: 2 Petrus 3: 12
Woordverkondiging
Nagmaalformulier van Calvyn
Sing Ps 23-1: 1 en Ps 23-4: 3
<u>Nagmaalbediening</u>
Sing aan tafel Sb 18-6: 1, 2, 4, 5
Dankgebed

Antwoorddiens
Liefdegawes
Sing Sb 7-2: 1, 2
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

‘n Sperdatum of afsnypunt of laaste gebeure het die kragtige vermoë om ‘n mens se hele lewe te verander. Dit verander die manier waarop jy dink oor die belangrikste dinge in jou lewe en ook hoe jy dan jou tyd gebruik voor jy by daardie laaste afsnypunt kom.

Dink bv aan die atlete wat vandag die Comrades wedloop hardloop! Die meeste van daardie atlete word gemotiveer deur die feit dat hulle die afsnytyd van 12 ure wil haal sodat hulle ‘n medalje kan ontvang! ‘n Atleet kan totaal en al uitgepunt en gedaan wees maar die oomblik as hy of sy dink dat hulle nie die afsnypunt gaan haal nie, dan skep hulle weer moed en hardloop of loop verder!

Ons skoolkinders en studente ken ook die gevoel van ‘n spertyd of afsnypunt baie goed met die eksamens wat hulle nou skryf! Kinders dit werk mos so nê? As die eksamen nog ver is dan is ‘n ou mos baie lui om te leer, maar hoe nader die dag van die eksamen kom hoe meer begin jy die druk voel en kan jy nie langer uitstel nie, jy moet nou begin leer anders kan jy die eksamen druip! As jy more skryf kan jy nie vandag nog lekker lê en TV kyk en rondspeel nie, nee, jy moet al jou tyd gebruik om te leer!

Geliefdes, die dood is mos ook so ‘n kragtige afsnypunt in ‘n mens se lewe nie waar nie?! Ek weet van mense wat nooit tyd vir die Here gehad het nie want hulle was kamstig te besig met allerhande vreeslike “belangrike” dinge in hulle lewe. Nooit tyd gehad om hulle verhouding met die Here te bou met Bybellees en gebed nie en selfs te besig om op Sondae die Here met ‘n erediens te kom dien! Altyd te besig!
Tot daardie mens by die dokter kom en uitvind hy het ‘n dodelike siekte! Dan verander alles skielik in hulle lewe: al daardie sogenaamde belangrike dinge wat al sy tyd gevat het, is nou niks! Daardie mens fokus nou skielik met alles wat hy het op sy verhouding met die Here! Nou maak hy tyd vir die Here want die spertyd van die dood verander jou prioriteite! Die lewe met God word nou die belangrikste saak in jou lewe! Al die ander goed wat so belangrik was, is nou niks!

Geliefdes, net so is die Wederkoms van ons Here Jesus ‘n lewensveranderende sperdatum, afsnypunt in ons lewe! Kinders, die woord “Wederkoms” verwys na dié dag wanneer Jesus weer na die aarde gaan terugkom. Sy terugkoms of wederkoms!

Vanmore sê die Here vir ons: Hy kom gou terug, daar is min tyd oor en hierdie wete moet ons lewe verander! Sy Wederkoms is soos daardie naderende eksamen, daardie naderende dag van die dood en dit moet my prioriteite en die manier waarop ek my tyd gebruik, drasties verander! Daar is nie tyd om te mors nie!

Ons kan die boodskap van hierdie erediens so saamvat: Die Here kom regtig gou en die Nagmaal bevestig dit! Wag daarom getrou op Hom en werk ywerig om sy koms te bespoedig!

Geliefdes, toe die Here Jesus hier op aarde was, het Hy sy dissipels geleer dat Hy teruggaan na sy Vader toe**, maar dat Hy weer gaan terugkom om sy koninkryk finaal te vestig op die nuwe aarde!** Ons lees daarvan in Johannes 14: 1 – 3. Joh. 14:1–3: "Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. [2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."
En die dag toe Hy opgevaar het na die hemel, het die engele dit weer aan die dissipels bevestig met die woorde in Handelinge 1: 11: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."

Aanvanklik was daar onder sommige van die gelowiges die verwagting dat die Here Jesus in hulle leeftyd nog sou terugkom en daarom wou hulle nie meer werk en met hulle lewensroeping voortgaan nie, hulle het net gewag dat die Here Jesus terugkom! **Aan die ander kant was daar ook gelowiges wat moedeloos begin word het omdat die Here Jesus nie terugkom nie en** in die Here Jesus begin twyfel het. Net soos vandag dat mense sal sê: maar dis nou al meer as 2000 jaar dat die Here Jesus hemel toe is en tot nou toe nog het Hy nie gekom nie! Sal Hy ooit nog kom?

En soos die tyd verloop het, het daar ook in die kerk valse predikers gekom wat die dwaalleer begin verkondig het dat die Here nie regtig weer gaan terugkom nie! Hulle het die gelowiges probeer oortuig dat daar geen dringend is om die Here te dien nie en dat hulle maar in hulle sonde kan voortlewe want alles gaan tog maar net aan soos dit nog altyd aangegaan het.
Hierdie valse leer het onder die gelowiges aan wie Petrus geskryf het ook begin posvat en daarom waarsku hy die gelowiges ernstig om nie deur hierdie valse leer mislei te word nie, maar dat hulle die Wederkoms van die Here baie ernstig moet opneem en in die lig daarvan hulle prioriteite regkry!

Geliefde br en sr: wat is my en jou verwagting oor die Wederkoms van die Here? Dink ons ook dat daar nog eintlik baie tyd oor is en dat nie 'n erns en 'n dringendheid by ons hoef te wees om die Here getrou te dien nie? Brs en srs en liewe kinders: as ons vanmore die berig kry dat die Here Jesus eerskomende Woensdag om 12:00 gaan terugkom, hoe sou ons hierdie laaste drie dae gebruik het?

En geliefdes, nou weet ons mos dat ons tyd hier op aarde met betrekking tot die Wederkoms van die Here, deur ons eie dood bepaal word! Die dag as ek sterf is my tyd om! Daar is net soveel tyd oor as wat ek en jy lewensdae oor het – tensy die Here nog voor dit gaan terugkeer! **Daar is dus nie tyd om te verspeel nie! Want ek en jy kan vandag sterf dan is ons tyd om! Die sperdatum, die afsnypunt is dus baie nader as wat ek en jy dink!** Petrus sê in vers 10 dit is so onverwags soos wanneer 'n dief in die nag in ons huis inbreek! Niemand verwag dit nie en skielik dan gebeur dit ook met ons! So onverwags en skielik sal die Here Jesus terugkom!

Daarom roep die Here ons vanmore in die eerste plek op om ernstig te leef soos mense wat weet dat die spertyd naby is! Daar is nie tyd om te mors nie! Petrus sê **heel eerste in ons teksvers (vers 12): Leef in die verwagting dat die Here kom!** Die werkwoord wat Petrus hier gebruik beteken dat ek wag op iets wat ek weet gaan gebeur en dit wek by my 'n gespanne of opgewonde afwagting op!

Ons moenie hierdie gespanne afwagting negatief verstaan nie! Dis nie 'n bang wag dat iets gaan gebeur nie! Nee, dis 'n opgewonde wag! Kinders, soos wanneer ons nie kan wag om met vakansie te gaan nie of wanneer jy nie kan wag dat jou verjaarsdag aanbreek nie!

Want die Here Jesus het belowe dat wanneer Hy terugkom, dan breek daar vir ons as sy kinders 'n wonderlike ongelooflike lewe aan! Dan word ons bevry van alles wat sleg en sondig is en ontvang ons net die heerlike dinge van die ewige lewe by God! Dit is werklik iets om na uit te sien!

Dit is in die lig van hierdie beloftes dat Petrus ook verduidelik waarom die Here nog talm om te kom! Hoekom Hy nog sy terugkoms uitstel! Vers 9: "Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."
Geliefdes, die uitsteltyd is genadetyd! Die Here Jesus wil hê dat almal tot bekering moet kom sodat almal kan deel aan die heerlikheid wat Hy vir ons bewerk het! Dat almal kan deel kry aan die nuwe lewe wat Hy nou hier vir ons op aarde gegee het en aan die wonderlike ewige lewe wat ons gaan ontvang!

Dit is waarom die Here Jesus ook **die Nagmaal in die lig van sy Wederkoms stel!** Die **Nagmaal moet ons herinner aan en voorberei vir sy koms!** Toe die Here Jesus die Nagmaal ingestel het, het Hy gesê: "[29]Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink." Die Here Jesus wil dat ons gereeld Nagmaal gebruik om ons te versterk terwyl ons wag maar ook om ons te herinner dat Hy beslis en gou weer kom!

Brs en srs, wanneer ons dus vanmore die brood en die wyn uit die hand van die Here ontvang dan wil die Here hê dat ons meer aan die Wederkoms moet dink! Dat ons dit sal beleef as dringend! En dat ons daarom ons moet bekeer van ons sorgeloosheid oor die Wederkoms en nie leef soos mense wat dink die Here gaan nie weer kom nie! Hy wil dat ons werklik opgewonde en gespanne uitsien na die dag as Hy weer kom! En dat ons in **die lig daarvan ons prioriteite reg leef!**

Daarom volg Petrus sê tweede opdrag in vers 12: werk ywerig om sy koms te bespoedig! Ja, dis werklik wat daar staan! Ek en jy kan meewerk dat die Here gouer kom! Ons kan die Wederkoms verhaas!

Hoe: deur self te lewe soos mense wat weet dat die Here gaan kom en daarom gereed is. Ons lees in vers 14: [4]Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe." **Die Here wil dat elkeen van ons lewe soos God wil dat ons moet lewe: presies volgens sy wil.**

Br en sr, dink dan oor jou lewe en kyk waar ek en jy nog nie volgens die wil van die Here leef nie en kom ons bekeer ons om juis dit te doen. Die tyd is min!
Is daar iets wat jou verhouding met die Here skaad! Een of ander sonde waarmee jy worstel! Maak dit vandag reg!
Is daar een of saak wat gebeur het dat jy kwaad vir die Here of sy gemeente is? Maak dit vandag reg!
Is daar iets in jou lewe wat vir jou belangriker geword as jou verhouding met God! Miskien 'n persoon of aktiwiteit wat jou weghou van Here? Maak dit vandag reg!
Miskien is daar iemand met wie jy nog met regmaak? Iemand wat jy nog moet vergewe. Doen dit vandag!

Maar Petrus sê ook ons moet "in vrede" met die Here leef! Wat beteken dit? Dat **ons verseker weet dat ons met God versoen is! Dat Jesus Christus vir my sonde betaal het en dat ek reeds 'n kind van God is.** Dit is immers ook wat die brood en wyn my vanmore van wil verseker! Dat ek met God versoen is! **Die Here Jesus kan nou maar kom – daar is niks in my lewe wat nog nie vergewe is nie**! Daar is niks wat sal maak dat wanneer ek op daardie laaste dag voor die Here moet verskyn, ek aan skuldig bevind sal word nie – want Christus het my sonde volkome versoen! Ek het vrede met God en ek is seker daarvan!

Geliefdes, die Here is regtig naby! Hy kom gou weer! Maar Hy gee aan my en jou en die wêreld nog genadetyd! Bekeringstyd! Wat 'n troos! Maar kom ons besef ook die dringendheid van hierdie bekering! Hou jou oë op die dag van sy koms, dis my en jou sperdatum, dis die afsnypunt en daarom het ons nie tyd om te verspeel nie! Mag God se wil my en jou grootste prioriteit wees en mag ons die tyd wat ons oor het

spandeer om dit te leef! Doen dit vandag, want so werk ons mee dat Hy gouer sal kom want ons is gereed!

Amen